

Verhoog bewustheid en verbeter sorg om ovariale kanker in SA die hoof te bied

Dr Celesté van Drünick*

Ovariale kanker, oftewel kanker van die eierstokke, bly een van die grootste uitdagings op die terrein van vrouegesondheid. Al is dit die derde algemeenste ginekologiese kanker in Suid-Afrika naas kanker van die serviks en uterus, het dit ongelukkig die hoogste gevallensterfesyfer. Die meeste vroue word gediagnoseer wanneer die siekte reeds 'n gevorderde stadium bereik het, wat dikwels 'n swakke prognose tot gevolg het. Die siekte vereis dus dringend aandag.

Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie-platform [Global Cancer Observatory](#) sal gevalle van ovariale kanker wêreldwyd na verwagting aansienlik toeneem, en sal ontwikkelende lande die skerpste styging beleef. Vooruitskattings dui daarop dat die getal gevalle in Suid-Afrika teen 2050 met 'n verstommende 72,9% sal toeneem, wat die dringende behoefte aan groter bewustheid onder vroue en klinici, vroeë opsporing, beter diagnostiese prosedures én beter ondersteuningstelsels vir pasiënte onderstreep. Dit sal help sorg dat vroue vroeër hulp kry en met behandeling begin.

Laat diagnose is een van die kommerwekkendste aspekte van ovariale kanker. Hieraan moet ons onself op [Wêreldkankerdag](#) (4 Februarie) herinner. Die simptome stem dikwels ooreen met dié van ander, minder ernstige toestande en word dus meermale verkeerd vertolk, wat mediese intervensie vertraag. Sifting vir ovariale kanker lewer ook nie juis veel bewyse op om onkologiese uitkomst te verbeter nie. Gevolglik word baie vroue in 'n gevorderde stadium van die siekte gediagnoseer, wanneer behandelingsmoontlikhede beperk en positiewe uitkomst minder waarskynlik is.

Opvoeding

Wanneer 'n vrou met ovariale kanker gediagnoseer word, behels die pad na herstel nie slegs mediese behandeling nie, maar ook emosionele, sielkundige en inligtingsondersteuning. Navorsing toon sonder uitsondering dat wanneer pasiënte die nodige inligting oor hulle diagnose, behandelingsmoontlikhede en die langtermyngevolge van die siekte ontvang, dit hulle gesondheidsuitkomst aansienlik kan verbeter en hulle minder angstig maak. Hierdie kennis stel pasiënte in staat om ingeligte besluite te neem, nouer by hulle behandeling betrokke te wees, en uiteindelik hulle lewensgehalte te verbeter.

Die [Every Woman-studie](#) (EWS) wat in 2018 in hoë-inkomstelende uitgevoer is, het bevind dat die meeste pasiënte met ovariale kanker noodsaaklike inligting oor hulle toestand kortkom. Benewens die inligtingstekorte in meer welgestelde nasies, het die studie ook gedui op 'n ernstige tekort aan data uit lae- en middelinkomstelende (LMIL'e), waar die meeste vroue met ovariale kanker woon. Tygerberghospitaal (TBH) in Kaapstad het as een van die sentrums vir die [Internasionale EWS van 2023](#) gedien in 'n wêreldwye poging om hierdie kennisleemte te oorbrug deur by pasiënte in LMIL'e uit te vind presies watter inligting hulle kort.

Die bevindinge van die studie was skokkend. By TBH het 'n skrale 25% van vroue wat ovariale kanker oorleef het, voor hulle diagnose geweet dié soort kanker bestaan. 'n Aansienlike klomp vroue (50%) was onbewus daarvan dat 'n familiegeskiedenis van sekere soorte kanker, soos bors- of baarmoederkanker, hulle risiko kan verhoog. Hierdie gebrek aan bewustheid is 'n belangrike faktor in die vertraagde diagnose van ovariale kanker. Indien meer vroue van die risiko's en simptome van ovariale kanker weet, sal hulle waarskynlik vroeër mediese hulp kry, wat hulle kans op vroeë opsporing en behandeling kan verbeter.

Beter kommunikasie

Een van die vernaamste bevindinge van die TBH-studie was dat die meeste pasiënte hoofsaaklik op hulle dokters vir inligting staatmaak. Die verhouding tussen dokter en pasiënt is dus deurslaggewend vir die bestuur van ovariale kanker. Pasiënte het gesê dat hulle dokter se mening die grootste invloed op hulle behandelingsbesluite gehad het. Dit beklemtoon die belang van duidelike, deernisvolle en empatiese kommunikasie. Buiten dat gesondheidsorgverskaffers in die mediese aspekte van kankersorg opgelei moet word, moet hulle ook leer hoe om doeltreffend met pasiënte oor hulle diagnose, behandelingsmoontlikhede en prognose te kommunikeer.

Ongelukkig het baie pasiënte in Suid-Afrika en ander LMIL'e nie toegang tot betroubare aanlyn gesondheidsinligting nie. Slegs 15,4% van vroue in die studie het aangedui dat hulle op die internet inligting oor hulle siekte in hulle voorkeurtaal kon kry. Omtrent een uit elke tien wat die vraag beantwoord het, het gesê hulle het geen internettoegang nie. Hoewel daar bewyse van 'n opwaartse tendens bestaan, moes 'n geraamde 21,1% van huishoudings in Suid-Afrika weliswaar in 2022 nog sonder internettoegang klaarkom.

Ondanks die magdom gesondheidsdata aanlyn, is die meeste daarvan algemeen, en moontlik nie relevant of akkuraat vir individuele pasiënte nie. Verkeerde inligting kan verwarring en angs veroorsaak, wat onderstreep hoe belangrik dit is dat dokters elke pasiënt van pasgemaakte, spesifieke leiding voorsien. Gesondheidsorgstelsels moet, benewens direkte sorg, ook betroubare inligtingshulpbronne aan pasiënte voorsien. Dit kan die inligting wat gedurende mediese konsultasies oorgedra word, help versterk, en sorg dat pasiënte hulle diagnose en behandelingsmoontlikhede ten volle verstaan.

Portuurondersteuning

'n Verdere groot leemte wat die studie aan die lig gebring het, is 'n gebrek aan portuurondersteuning. Ten spyte van die moontlike voordele daarvan om met ander wat deur 'n soortgelyke ervaring is te gesels, het 75% van vroue in die studie nog nooit met 'n ander pasiënt met ovariale kanker kontak gehad of gepraat nie. Ondersteuningsgroepe vervul 'n kernrol in kankerpasiënte se emosionele en inligtingswelstand. Dié groepe bied 'n veilige ruimte vir vroue om oor hulle vrese, hoop en ervarings te praat en waardevolle inligting oor simptomebeheer, die hantering van nuwe-effekte én moontlike behandelings uit te ruil.

In die lig van die tekort aan ondersteuningsgroepe en portuurbande wat die studie geïdentifiseer het, is daar duidelik 'n geleentheid vir kankerbehandelingsentrums om plaaslike ondersteuningsnetwerke vir vroue met ovariale kanker tot stand te bring. Boonop kan aanlyn ondersteuningsgemeenskappe vroue in afgeleë of diensarm gebiede toegang tot sosiale en emosionele bystand bied. Hierdie groepe is nie net 'n bron van emosionele verligting nie, maar kan ook as kragtige platforms vir voorspraak en bewusmaking dien.

Oorbrug die leemte

In die lig van voorspellings van 'n toename in gevalle van ovariale kanker in Suid-Afrika en ander ontwikkelende lande, is proaktiewe stappe noodsaaklik om die kennis-, diagnostiese en pasiëntesorgleemtes te oorbrug. Dringende werk word vereis om bewustheid van die simptome van ovariale kanker te verhoog – nie net onder die algemene bevolking nie, maar ook onder gesondheidsorgverskaffers. Openbare gesondheidsveldtogte wat vroue oor die risiko's en vroeë waarskuwingstekens van ovariale kanker opvoed, kan vroeë opsporing en uiteindelik beter uitkomst tot gevolg hê.

Daarbenewens moet gesondheidsorgstelsels toegerus wees om omvattende sorg te bied wat nie net in pasiënte se fisiese behoeftes nie, maar ook hulle inligtings- en emosionele behoeftes voorsien. Dit is noodsaaklik dat klinici opgelei en van die nodige hulpbronne voorsien word om doeltreffend met kankerpatiënte te kommunikeer. Gesondheidsorgfasiliteite moet ook in opvoedkundige materiaal en ondersteuningsnetwerke belê om pasiënte op hulle kankerreis by te staan.

Die uitdaging van ovariale kanker is groot. Nietemin is daar 'n ewe groot geleentheid om uitkomst te verbeter deur bewusmaking, beter kommunikasie en sterker ondersteuningstelsels vir pasiënte. Deur opvoeding en ondersteuning 'n prioriteit te maak, kan ons pasiënte bemagtig om beheer te neem oor hulle gesondheid, en kan ons seker maak dat hulle die sorg en ondersteuning kry wat hulle verdien.

***Dr Celesté van Drünick is 'n ginekologiese onkoloog by Vincent Pallotti-hospitaal in Pinelands, Kaapstad. Hierdie artikel is deels gegrond op haar onlangse meestersgraad in ginekologiese onkologie aan die Universiteit Stellenbosch.**